"We need a new kind of Christian. Not an angry and reactionary fundamentalist, not a stuffy traditionalist, not a blasé nominalist, not a wishy-washy liberal, not a New Age religious hipster, not a religious imperialist and not an overly enthused Bible-waving fanatic – but something fresh and authentic and challenging and adventurous."

(Brian McLaren)

X-FAKTOR

Dit gaan nie goed met die "brand" genaamd "Christen" nie. Vra maar rond en jy sal hoor wat mense oor "die sogenaamde Christene" sê. Woorde soos "judgmental", "eksklusief", "liefdeloos", "boring", "holier-than-thou", "konserwatief", "onwetenskaplik", "opdringerig", "skynheilig" kom na vore. Waar het dinge skeefgeloop? Want Jesus, die Een wat "Christene" sê hulle volg, is nie een van hierdie dinge nie! Jesus het immers nie gekom om 'n godsdiens te stig nie. Hy het ook nie gekom om van ons Christene te maak nie (veral nie "sulke" Christene nie). Hy het gekom om van ons "ware mense" te maak. Mense wat die Lewe vier, mense wat insluit en nie uitsluit nie, mense wat die Droom snap en dit oop-oë leef.

Welkom in Kruiskerk | Moederkerk in 2013. Hier aan die begin van die jaar wil ons gesels oor die X-FAKTOR. Dis X, soos in X-ten, of dan "Christen". Ons wil nie hê daar moet enige onduidelikheid wees oor dit waarvoor hierdie geloofsgemeenskap staan nie. Oor die soort "Christene" wat ons nooit kan wees nie. Maar dan ook oor die soort met daardie X-FAKTOR, wat ons wél wil wees.

In Kruiskerk | Moederkerk doen ons nie uitsluiting nie, doen ons nie "boring" nie, doen ons nie "skynheilig" nie, doen ons nie "stupid" nie, doen ons nie "Bible-bashing" nie en stuur ons nie mense hel toe nie. Hier leef ons wel die Avontuur en sluit ons aan by die Rewolusie van liefde wat Jesus bring. Kom saam!

HOE GAAN ONS DIT DOEN?

- Vir die volgende ses weke gaan ons in die opwindende reeks "X-Faktor" nadink oor die betekenis van ons Christelike geloof vir vandag.
- Ons gaan tydens die Sondagaand-erediens na sekere tekste en temas kyk.
- Elke lidmaat word uitgedaag om tydens hulle daaglikse stiltetyd weer die tekste te lees en daaroor na te dink.
- Ons gaan weekliks in kleingroepe verder oor die tekste en temas gesels.
- Ons vertrou dat die reeks ons kan help in ons elke dag se leef van ons Christelike geloof.
- Kom reis saam met ons!

HOE WORD EK STIL MET DIE BYBEL?

Lectio Divina

Die Bybel wil gelees en gehoor word as die lewende stem van God. Daarom moet ons luisterend, wagtend wees. Lectio Divina is 'n ou luister-metode vanuit die vroeë kerk, wat ons kan help.

<u>Die vloei van die Lectio Divina:</u>

1. Gaan sit vir 'n oomblik rustig. Sit jou selfoon af en gee die tyd vir die Here om deur Sy Woord met jou te praat.

> *Om te help met die stilword-oomblik stel ons voor dat ons die "palms op, palms af-gebed" bid. Begin deur met jou hande, palms na onder, te sit as simbool daarvan dat jy al jou bekommernisse wat jy mag hê, oorgee aan God. Praat met God oor alles wat swaar op jou hart lê. Draai, daarna, jou palms na bo as teken van jou behoefte om van God te ontvang.*

2. Lees die teks rustig deur. Probeer verstaan wat jy lees. Moet egter nie vashaak by dinge wat jy nie verstaan nie.

3. Lees die teks 'n tweede keer deur:
   - Lees luisterend, wagtend, om God se stem vir jou te hoor.
   - Is daar 'n woord, beeld of sin wat vir jou uitstaan?

- Gaan “sit” in daardie woord, beeld of sin wat vir jou uitstaan en hoor wat die Gees vir jou wil sê.
- Bestee 75% van jou tyd aan punt 3.

4. In ‘n kort gebed, antwoord op wat jy gehoor het.

5. Skryf neer wat jy gehoor het. (Jy sal nie elke dag iets hoor of iets nuuts hoor nie – dis normaal).

Visualisering

(die “fliek–metode” – dit werk veral goed met verhale in die Bybel)

- Verbeel jou dat jy deel is van die gebeure van die teks.
- Stel jou voor dat jy een van die karakters in die verhaal is.
- Wat gebeur?
  - Wat sien jy?
  - Wat hoor jy?
  - Waaraan kan jy vat?
  - Wat ruik jy?
  - Wat proe jy?
- Wat verras jou?
- Wat maak jou opgewonde?

WEEK 1 – KOM SAAM OP DIE REIS!

Groep admin

Maak seker dat almal in die groep weet wanneer en waar julle eerste byeenkoms is. Besluit op ‘n lekker gemaklike plek waar julle saam kan kuier.

Lekker idees

- Kry ‘n lekker bak roomys en kuier in iemand se woonstel.
- Gaan slag ‘n waatlemoen op Coetzenburg se rugbyvelde.
- Stap hangbrug toe met ‘n bak roomys en gaan sit op die klippe met julle voete in die water.
- Kry sommer net yskoue koeldrank en kuier in ‘n koshuiskamer.
- Julle kan selfs see toe ry en die eerste aand saam op die strand gaan kuier met “sundowners”.
- Wees lekker kreatief!! Die bedoeling vir hierdie eerste week is dat almal mekaar moet ontmoet en gemaklik saam kuier.

Waaroor gesels ons?

- As jy jouself aan die groep moet voorstel, wat is die drie belangrikste dinge wat hulle van jou moet weet om jou so vinnig as moontlik te leer ken?
- As jy jouself met ‘n dier moet vergelyk, watter dier sal dit wees? Hoekom sê jy so?
- Wat is jou verwagtinge van die groep in die volgende paar weke?
- Hoe moet die groep wees en wat moet hier gebeur, dat jy aan die einde van die ses weke sal voel dit was absoluut die moeite werd?

Waartoe verbind ons ons in die ses weke?

- Tyd?
- Plek?
- Belangrike waardes?

Sluit af

Laat iemand afsluit met ‘n gebed.

WEEK 2 – “BRAND RECOGNITION”

Handelinge 11:25-26

25 en Barnabas is na Tarsus toe om vir Saulus te gaan soek.
26 Toe hy hom kry, het hy hom na Antiogië toe gebring, en hulle twee het 'n hele jaar lank saam in die gemeente gewerk en baie mense onderrig. In Antiogië is die gelowiges die eerste keer Christene genoem.

Handelinge 6:7

7 Die woord van God het verder versprei, en die getal gelowiges in Jerusalem het geweldig toegeneem. Selfs 'n groot aantal priesters het gelowig geword.

Handelinge 9:26

26 Saulus het na Jerusalem toe gegaan en het probeer om daar by die volgelinge van Jesus aan te sluit, maar almal was vir hom bang, omdat hulle nie kon glo dat hy 'n volgeling van Jesus is nie.

Handelinge 9:36

36 In Joppe was daar 'n gelowige vrou met die naam Tabita, in Grieks Dorkas. Sy was altyd besig om goed te doen en die armes te help.

Johannes 13:33-36

33 My kinders, Ek is nog net 'n klein rukkie by julle. Dan sal julle My soek, en soos Ek vir die Jode gesê het, sê Ek nou vir julle ook: Waar Ek heen gaan, kan julle nie kom nie.
34 Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê.
35 As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.”
36 Simon Petrus vra toe vir Hom: “Here, waarheen gaan U?” Jesus het hom geantwoord: “Waarheen Ek gaan, kan jy My nie nou volg nie, maar later sal jy My volg.”

SONDAG SE EREDIENS

Tema: _____

Datum: _____

Prediker: _____

PERSOONLIKE STILTETYD

- Word stil en raak bewus van die Here se teenwoordigheid.....
- Dink elke dag na oor die week se tekste en die preek van die afgelope Sondag. Lees deur jou eie notas en die preekblaadjie.
- Hoe is jy vandag uitgedaag in die uitleef van jou Christelike geloof?

KLEINGROEP-BYEENKOMS

Tuiskoms

Ons leer mekaar nog beter ken deur elkeen geleentheid te gee om kortliks die volgende vrae te beantwoord:

- My gunsteling kos is…
- Watter soort kos eet jy glad nie?
- Wat is die beste fliek wat jy nog gesien het/boek wat jy gelees het?
- As jy enige plek in die wêreld kan besoek, waar sal dit wees? Hoekom?

Deel elkeen se hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week.

Ons word saam stil

Laat iemand ‘n kers aansteek as ‘n teken van God se teenwoordigheid.
Laat iemand dan bid.

Groepsgesprek

- Wat het jou geraak van Sondag-aand se diens?
- Watter uitdagings bied die teksgedeeltes en tema ons in ons lewe?
- Watter troos bied die teksgedeeltes en tema ons in ons lewe elke dag?
- Na aanleiding van die week se tekste en tema: Wat moet ek anders doen in my lewe? Wat moet ek aanhou doen in my lewe? Wat moet ek ophou doen in my lewe?

Sluit af

Deel in groepies van twee en deel waarvoor julle vir mekaar kan bid.
Sluit dan af deur so in pare vir mekaar te bid.

WEEK 3 – “INSIDERS OUTSIDERS”

Johannes 13:35

35 As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.”

Mattheus 28:19-20

19 Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en
20 leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

1 Korinthiërs 5:1-4

1 'n Mens hoor werklik van onsedelikheid onder julle, en dan nogal onsedelikheid van so 'n aard as wat selfs onder die heidene nie voorkom nie, naamlik dat 'n man en sy stiefma as man en vrou saamleef.
2 En dan verbeel julle julle nog julle is beter as ander. Moes julle nie liewer daaroor getreur het nie? So sou julle die man wat so iets gedoen het, uit julle kring verwyder het.
3-4 Wat my betref, al was ek nie persoonlik by julle nie, was ek tog in die gees daar. Asof ek werklik daar was, het ek oor die man wat so iets gedoen het, reeds in die Naam van ons Here Jesus tot 'n besluit gekom. Julle daar, en ek in die gees teenwoordig, saam met die krag van ons Here Jesus, het vergader om hierdie man aan die Satan oor te gee.

SONDAG SE EREDIENS

Tema: _____

Datum: _____

Prediker: _____

PERSOONLIKE STILTETYD

- Word stil en raak bewus van die Here se teenwoordigheid.....
- Dink elke dag na oor die week se tekste en die preek van die afgelope Sondag. Lees deur jou eie notas en die preekblaadjie.
- Hoe is jy vandag uitgedaag in die uitleef van jou Christelike geloof?

KLEINGROEP-BYEENKOMS

Tuiskoms

Begin deur te gesels oor hoe dit met elkeen gaan. Die volgende oefening kan dalk hiermee help:

Soos watter boot voel jy vandag?
(Laat elkeen deel hoekom hulle die boot kies en wat die redes is).

- Sailboat I can only get going if the wind is blowing.
- Cargo boat I am carrying a heavy load.
- Speedboat I am speeding along.
- Toy boat I am feeling small and insignificant.
- Cruise boat I am out for a good time.
- Rescue boat I regularly get called on to help others.
- Submarine I am below the surface and people don't realise it.
- Canoe I am skimming along in rough waters trying to keep my balance.
- Battleship I am engaged in a war at present.
- Destroyer I am committed to the mission of winning at all costs.
- Barge I need to be pulled along.
- Paddle-steamer I am not fast but get the job done as long as I don't run out of steam.
- Raft I am directionless – just floating along where the current takes me.
- Aircraft carrier I exist in order to help others in life's battles.
- Rowboat I am in control and in charge of where I go.

Ons word saam stil

Laat iemand 'n kers aansteek as 'n teken van God se teenwoordigheid.
Laat iemand dan bid…

Groepsgesprek

- Wat het jou geraak van Sondag-aand se diens?
- Watter uitdagings bied die teksgedeeltes en tema ons in ons lewe?
- Watter troos bied die teksgedeeltes en tema ons in ons lewe elke dag?
- Na aanleiding van die week se tekste en tema: Wat moet ek anders doen in my lewe? Wat moet ek aanhou doen in my lewe? Wat moet ek ophou doen in my lewe?

Sluit af

Deel in groepies van twee en deel waarvoor julle vir mekaar kan bid.
Sluit dan af deur so in pare vir mekaar te bid.

WEEK 4 – “SHOWING UP”

Mattheus 5:1-16

1 Toe Jesus die menigte mense sien, het Hy teen die berg opgegaan. Nadat Hy gaan sit het, het sy dissipels na Hom toe gekom,
2 en Hy het hulle geleer en gesê:
3 “Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.
4 Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word.
5 Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang.
6 Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word.
7 Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.
8 Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien.
9 Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.
10 Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.
11 “Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê.
12 Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg.”
13 “Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry 'n mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en die mense vertrap dit.
14 “Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie;
15 ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis.
16 Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.”

SONDAG SE EREDIENS

Tema: _____

Datum: _____

Prediker: _____

PERSOONLIKE STILTETYD

- Word stil en raak bewus van die Here se teenwoordigheid.....
- Dink elke dag na oor die week se tekste en die preek van die afgelope Sondag. Lees deur jou eie notas en die preekblaadjie.
- Hoe is jy vandag uitgedaag in die uitleef van jou Christelike geloof?

KLEINGROEP-BYEENKOMS

Tuiskoms

Deel die hoogtepunte en laagtepunte van jou afgelope week....
Deel met mekaar hoe julle die reeks in die algemeen beleef: Waarmee help dit? Waarvan maak dit jou bewus? Help dit jou in jou nadenke oor geloof? Help dit jou in jou elke dag se uitleef van jou geloof?

Ons word saam stil

Laat iemand 'n kers aansteek as 'n teken van God se teenwoordigheid.
Laat iemand dan bid...

Groepsgesprek

- Wat het jou geraak van Sondag-aand se diens?
- Watter uitdagings bied die teksgedeeltes en tema ons in ons lewe?
- Watter troos bied die teksgedeeltes en tema ons in ons lewe elke dag?
- Na aanleiding van die week se tekste en tema: Wat moet ek anders doen in my lewe? Wat moet ek aanhou doen in my lewe? Wat moet ek ophou doen in my lewe?

Sluit af

WEEK 5 – "ANGRY BIRDS"

Johannes 13:35

35 As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is."

Johannes 1: 1-5

1 In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God.
2 Hy was reeds in die begin by God.
3 Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie.
4 In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense.
5 Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie.

Johannes 1: 9-12

9 Die ware lig wat elke mens verlig, was aan kom na die wêreld toe.
10 Hy wás in die wêreld – die wêreld het deur Hom tot stand gekom – en tog het die wêreld Hom nie erken nie.
11 Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie.
12 Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.

Johannes 1: 14

14 Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.

Johannes 1: 17

17 God het die wet deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.

Lukas 15: 1-2

1 Die tollenaars en sondaars het almal die gewoonte gehad om na Jesus te kom luister.
2 Hierteen het die Fariseërs en die skrifgeleerdes beswaar gemaak en gesê: “Hierdie man ontvang sondaars en eet selfs saam met hulle.”

Lukas 15: 4

4 “Sê nou een van julle het honderd skape en een van hulle raak weg. Wat doen hy dan? Hy laat die nege en negentig in die veld staan en gaan agter die een aan wat weg is, totdat hy hom kry.

Lukas 15: 17-24

17 “Toe kom hy tot inkeer en sê: ‘My pa het wie weet hoeveel dagloners, en hulle het almal oorgenoeg kos, en hier vergaan ek van die honger.
18 Ek sal dadelik na my pa toe teruggaan en vir hom sê: Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig!
19 Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie. Behandel my soos een van Pa se dagloners.’
20 En hy het sonder versuim na sy pa toe teruggegaan. “Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom al gesien en hom innig jammer gekry. Hy hardloop hom tegemoet, omhels hom en soen hom.
21 Toe sê die seun vir hom: ‘Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig. Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie.’
22 Maar sy pa roep sy werksmense: ‘Maak gou! Bring klere, die beste, en trek dit vir hom aan; sit vir hom 'n ring aan sy vinger en trek vir hom skoene aan!
23 En bring die vetgemaakte kalf, slag hom, en laat ons eet en feesvier!
24 Hierdie seun van my was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ek het hom teruggekry.’ Toe het hulle begin feesvier.

Lukas 15: 29-32

29 maar hy antwoord: ‘Kyk, al die jare werk ek soos 'n slaaf vir Pa. Nog nooit het ek 'n opdrag van Pa verontagsaam nie, en vir my het Pa nog nooit eers 'n bokkie gegee sodat ek saam met my vriende kan feesvier nie.

30 Maar nou dat hierdie seun van Pa, wat Pa se goed met prostitute deurgebring het, terugkom, het Pa vir hom die vetgemaakte kalf geslag!’

31 “Toe sê die pa vir hom: ‘Kind, jy is altyd by my, en alles wat ek het, is ook joune.

32 Maar ons kan tog nie anders as om fees te vier en bly te wees nie, want hierdie broer van jou was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ons het hom teruggekry.’ ”

SONDAG SE EREDIENS

Tema: _____

Datum: _____

Prediker: _____

PERSOONLIKE STILTETYD

- Word stil en raak bewus van die Here se teenwoordigheid.....
- Dink elke dag na oor die week se tekste en die preek van die afgelope Sondag. Lees deur jou eie notas en die preekblaadjie.
- Hoe is jy vandag uitgedaag in die uitleef van jou Christelike geloof?

KLEINGROEP-BYEENKOMS

Tuiskoms

Dit is een van die dae Paasfees. Bring ‘n paar Hot Cross buns saam en maak lekker koffie of iets te drinke. Terwyl julle eet en drink, laat elkeen verduidelik: Soos watter brood voel jy vandag? Hoekom?

- Vars
- Frans
- Verbrand
- Oud
- Muffin
- Harde bun
- Grof
- Croissant
- Sagte bun
- Fyn
- Toast
- Knoffel
- Ens.

Ons word saam stil

Laat iemand ‘n kers aansteek as ‘n teken van God se teenwoordigheid.
Laat iemand dan bid…

Groepsgesprek

- Wat het jou geraak van Sondag-aand se diens?
- Watter uitdagings bied die teksgedeeltes en tema ons in ons lewe?
- Watter troos bied die teksgedeeltes en tema ons in ons lewe elke dag?
- Na aanleiding van die week se tekste en tema: Wat moet ek anders doen in my lewe? Wat moet ek aanhou doen in my lewe? Wat moet ek ophou doen in my lewe?

Sluit af

Deel in groepies van twee en deel waarvoor julle vir mekaar kan bid.
Sluit dan af deur so in pare vir mekaar te bid.

WEEK 6 – “LOOPHOLES”

Mattheus 15:1-8

1 In dié tyd het daar Fariseërs en skrifgeleerdes van Jerusalem af by Jesus gekom en Hom gevra:
2 “Hoekom verontagsaam u dissipels die oorgelewerde gebruike van die voorgeslagte? As hulle gaan eet, was hulle nie hulle hande nie.”
3 “Waarom verontagsaam julle self die gebod van God ter wille van julle oorgelewerde gebruike?” het Jesus geantwoord.
4 “God het tog gesê: ‘Eer jou vader en jou moeder’ en: ‘Wie sy vader of sy moeder vloek, moet sekerlik doodgemaak word.’
5 Maar julle bepaal: ‘As iemand vir sy pa of sy ma sê: Die hulp wat u van my sou kon kry, maak ek 'n offergawe vir God,
6 dan hoef hy nie meer sy plig teenoor sy pa na te kom nie.’ So ontneem julle die woord van God sy gesag ter wille van julle oorgelewerde gebruike.
7 Huigelaars! Die profeet Jesaja het julle mooi opgesom toe hy gesê het:
8 Hierdie volk eer My met hulle mond, maar hulle hart is ver van My af.

Johannes 13:34

34 Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê.

1 Johannes 4:11

11 Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê.

Romeine 13:8-9

8 Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit.
9 Al die gebooie: “Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie,” of watter ander gebod daar ook al is, word immers in hierdie een gebod saamgevat: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”

Johannes 13:35

35 As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.”

Mattheus 22:37-40

37 Jesus antwoord hom: “ ‘Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel’ en met jou hele verstand.
22:37: Vgl. Deut. 6:5 .
38 Dit is die grootste en die eerste gebod.
39 En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’
40 In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat.”



SONDAG SE EREDIENS

Tema: _____

Datum: _____

Prediker: _____

PERSOONLIKE STILTETYD

- Word stil en raak bewus van die Here se teenwoordigheid.....
- Dink elke dag na oor die week se tekste en die preek van die afgelope Sondag. Lees deur jou eie notas en die preekblaadjie.
- Hoe is jy vandag uitgedaag in die uitleef van jou Christelike geloof?

KLEINGROEP-BYEENKOMS

Tuiskoms

Sorg dat elkeen iets te ete of te drinke na die groep bring vir die afsluiting van die reeks en die kwartaal. Terwyl julle ietsie eet en kuier.....deel hoe dit met elkeen gaan. Hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week....

Ons word saam stil

Laat iemand 'n kers aansteek as 'n teken van God se teenwoordigheid.
Laat iemand dan bid...

Groepsgesprek

- Wat het jou geraak van Sondag-aand se diens?
- Watter uitdagings bied die teksgedeeltes en tema ons in ons lewe?
- Watter troos bied die teksgedeeltes en tema ons in ons lewe elke dag?
- Na aanleiding van die week se tekste en tema: Wat moet ek anders doen in my lewe? Wat moet ek aanhou doen in my lewe? Wat moet ek ophou doen in my lewe?

Sluit af

Laat elkeen deel wat die afgelope ses weke se reis vir hom of haar beteken het. (Elkeen deel en niemand lewer kommentaar daarop nie). Sodra elke persoon klaar gedeel het steek hy/sy 'n "tea candle" aan by die groter kers en sit dit neer. Aan die einde sal daar dan soveel kerse wees as wat persone in die groep was.
Gee nou geleentheid vir spontane kort gebede.

<u>Gesels saam hoe die groep volgende kwartaal gaan voortgaan:
Waar en wanneer is ons volgende ontmoeting?</u>

GROEPLEDE

NAAM **SELFOON** **E-POS**